**SKEDULERINGSTATUS**

S5

**EIENDOMSNAAM EN DOSEERVORMS**
**ZOLANZ 5 TABLETS** (filmbedekte tablette)
**ZOLANZ 10 TABLETS** (filmbedekte tablette)

**SAMESTELLING**
**Aktiewe bestanddeel:**
Elke tablet bevat 5 mg of 10 mg olansapien onderskeidelik.
**Onaktiewe bestanddele:**
Kruispovidoon, hipromellose, laktosemonohidraat, magnesiumstearaat en Opadry White (bevattende lesitien, talkum, titaanoksied en xantaangom).
Bevat suiker: laktosemonohidraat.

**FARMAKOLOGIESE KLASSIFIKASIE**
A 2.6.5 Kalmeermiddels – verskeie strukture.

**FARMAKOLOGIESE WERKING**
**Farmakodinamiese eienskappe:**
Olansapien is 'n atipiese antipsigotiese, antimaniese en gemoedstabiliserende middel. Olansapien vertoon affiniteit vir $5HT_{2A/2C}$, $5HT_3$, $5HT_6$, dopamien $D_4$, $D_3$, $D_1$, $D_2$, cholinergiese muskariniese reseptore ($m_1 – m_5$), $\alpha_1$-adrenergiese en histamien $H_1$-reseptore. Die binding en antagonisme van muskariene reseptore ($m_1 – m_5$) mag die anticholinergiese effekte van olansapien verduidelik, terwyl die antagonisme van histamien $H_1$-reseptore die slaperigheid wat met olansapien geassosieer word, mag verklaar. Die geïnduseerde ortostatiese hipotensie wat waargeneem word tydens die gebruik van olansapien, word verklaar deur die antagonisme daarvan vir adrenergiese $\alpha_1$-reseptore. Olansapien het selektiewe wisselwerking met die mesolimbiese stelsel, sonder dat dit beduidend interageer met die ekstrapiramidale sisteem, wat aandui dat hoër dosisse nodig is om motor newe-effekte te veroorsaak, in vergelyking met die laer dosisse om antipsigotiese aktiwiteit teweeg te bring.

**Farmakokinetiese eienskappe:**
Olansapien word goed geabsorbeer na orale toediening en piekplasmakonsentrasies word binne 5 tot 8 uur bereik. Die tempo en mate van absorpsie van olansapien word nie deur kos beïnvloed nie.

Olansapien word breedvoerig in die lewer gemetaboliseer, hoofsaaklik deur gekoppelde en oksidatiewe weë bemiddel deur sitochroom P450 iso**ënsiem** CYP1A2 en in 'n mindere mate CYP2D6. Die belangrikste metaboliet, 10-*N*-glukuronied, kruis nie die bloed-brein-skans nie. 4-*N*-desmetiel en 2-hidroksimetielolansapien is nie farmakologies aktief teen die plasmavlakke wat tydens normale terapeutiese olansapien dosering bereik word nie. Die moederverbinding het die grootste farmakologiese aktiwiteit. Die eliminasiehalfleeftyd van olansapien is ongeveer 1,5 keer hoër by bejaardes (≥ 65 jaar) as by nie-bejaarde persone (< 65 jaar), en dit wissel soos volg by gesonde persone afhangende van ouderdom en geslag:

| | < 65 jaar | ≥ 65 jaar |
|---|---|---|
| **Mans** | 29 uur | 49 uur |
| **Vrouens** | 39 uur | 55 uur |

Die gemiddelde teoretiese plasma-opruiming is 25 ℓ per uur. Ongeveer 57 % van die toegediende dosis olansapien word deur die niere uitgeskei (7 % onveranderde olansapien), met 30 % wat in die feses uitgeskei word. Die farmakokinetika van olansapien was soortgelyk in pasi**ënte** met erge renale inkorting en in pasiënte met normale nierfunksie. Geen dosisaanpassing is dus nodig gebaseer op die mate van renale inkorting nie. Die effek van renale inkorting op die eliminasie van die metaboliete van olansapien, is nie bestudeer nie.
Olansapien vertoon hoë proteï**e**nbinding van 93 %, hoofsaaklik aan albumien en $\alpha_1$-suurglikoproteï**e**n. Die farmakokinetika is lineêr oor die terapeutiese dosisreikwydte.
Plasma-opruiming van olansapien is hoër in rokers, met die potensiaal vir substansiële farmakokinetiese verskille in die populasie, gebaseer op ouderdom, geslag en rookgewoonte. Dosisaanpassings mag dus nodig wees in pasi**ënte** wi**e** 'n kombinasie van faktore vertoon wat stadiger metabolisme van olansapien tot gevolg kan hê.

**INDIKASIES**
**ZOLANZ TABLETS** word aangedui vir die bestuur van die manifestasies van psigotiese steurings.
**ZOLANZ TABLETS** het antipsigotiese effektiwiteit vertoon by skisofreniese pasiënte in die behandeling van positiewe simptome (soos delusies, hallusinasies, versteurde denke, vyandigheid en agterdogtigheid) en negatiewe simptome (soos afgestompte bui, emosionele en sosiale onttrekking, spraakverarming).
**ZOLANZ TABLETS** word ook aangedui vir:
- Die behandeling van 'n akute episode van matige tot erge manie.
- Voorkoming van die terugkeer van maniese of depressiewe episodes van bipolêre steuring.

**KONTRA-INDIKASIES**
- Hipersensitiwiteit vir olansapien of enige van die ander bestanddele van **ZOLANZ TABLETS** (kyk **SAMESTELLING**).
- Bekende risiko van nou-hoekgloukoom.
- Veiligheid en effektiwiteit is nog nie in pasiënte jonger as 18 jaar bepaal nie.

**WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS**
Gedurende antipsigotiese behandeling mag dit verskeie dae tot weke neem vir verbetering in die kliniese toestand van die pasiënt. Pasiënte moet noukeurig gemoniteer word gedurende hierdie tydperk.

**Stakingsreaksies:**
**ZOLANZ TABLETS** moet nie skielik gestaak word nie, maar moet geleidelik afgeskaal word in die lig van die stakingsreaksies wat mag voorkom. Reaksies van 'n cholinergiese sindroom (diaforese, diarree, sialorree, naarheid, braking, angstigheid, prikkelbaarheid, slaaploosheid en tremor) mag gewoonlik binne 'n week nadat **ZOLANZ TABLETS** gestaak is, voorkom.

**Neuroleptiese maligne sindroom (NMS):**
NMS is 'n potensieel dodelike simptoomkompleks. Gevalle van NMS is geassosieer met behandeling met olansapien, soos in **ZOLANZ TABLETS**. Kliniese manifestasies van NMS is hiperpireksie, spierrigiditeit, gewysigde geestestoestand en tekens van outonome onstabiliteit (onreëlmatige pols of bloeddruk, tagikardie, diaforese en kardiale disritmie). Bykomende tekens mag akute nierversaking, verhoogde kreatienfosfokinase en mioglobienurie (rabdomiolise) insluit. Behandeling met **ZOLANZ TABLETS** moet gestaak word indien enige van die kliniese manifestasies van NMS of hoë koors sonder bykomende kliniese manifestasies van NMS waargeneem word.

**Toevalle:**
**ZOLANZ TABLETS** moet versigtig gebruik word in pasiënte wie 'n geskiedenis van toevalle het of onderwerp word aan faktore wat die toevaldrumpel kan verlaag. Dit is gerapporteer dat toevalle ongereeld voorkom in pasiënte behandel met olansapien. In die meeste van hierdie gevalle, is 'n geskiedenis van toevalle of 'n risikofaktor vir toevalle aangemeld.

**Trae diskinese:**
**ZOLANZ TABLETS** is geassosieer met 'n lae voorkoms van diskinese wat na behandeling te voorskyn kom. Indien tekens of simptome van trae diskinese verskyn in 'n pasiënt behandel met **ZOLANZ TABLETS**, moet 'n dosisverlaging of staking van behandeling oorweeg word. Sommige pasiënte mag egter voordeel kry uit volgehoue behandeling met **ZOLANZ TABLETS** ten spyte van die teenwoordigheid van hierdie sindroom. Die risiko van trae diskinese neem toe met langtermyn blootstelling en simptome kan tydelik versleg of selfs ontstaan ná staking van behandeling.

**Hepatiese belemmering:**
Wees versigtig in pasiënte met tekens en simptome van hepatiese belemmering, in pasiënte met voorafbestaande toestande geassosieer met 'n beperkte reserwe lewerfunksie en in pasiënte wie behandeling ondergaan met potensieel hepatotoksiese medisynes. Periodieke assessering van transaminases word aanbeveel in pasiënte met beduidende lewersiekte. 'n 5 mg aanvangsdosis moet oorweeg word vir pasiënte met matige lewerbelemmering.
Verbygaande stygings in lewertransaminases (alanientransaminase (ALT), aspartaattransaminase (AST)) is waargeneem. Gevolglik moet versigtigheid aan die dag gelê word in pasiënte met verhoogde ALT en/of AST. Indien verhoogde ALT en/of AST gedurende behandeling voorkom, moet opvolg-afsprake gereël word en dosisvermindering moet oorweeg word. In gevalle waar hepatitis gediagnoseer is, moet behandeling met **ZOLANZ TABLETS** gestaak word.

**Veiligheidsondervinding in bejaarde pasiënte met demensie-verwante psigose:**
In bejaarde pasiënte met demensie-verwante psigose, is die effektiwiteit van olansapien nie bepaal nie. Serebrovaskulêre ongunstige effekte, soos beroerte en verbygaande iskemiese aanvalle, insluitend sterftes, het voorgekom in bejaarde pasiënte met demensie-verwante psigose. Enige tekens, soos gevoeloosheid en probleme met spraak of visie, moet aangemeld word. Risikofaktore wat hierdie pasiëntpopulasie tot verhoogde mortaliteit mag predisponeer wanneer behandel met **ZOLANZ TABLETS**, sluit in ouderdom ≥ 80 jaar, sedasie, gelyktydige gebruik van bensodiasepiene, of die teenwoordigheid van pulmonêre toestande (bv. pneumonie, met of sonder aspirasie).
**ZOLANZ TABLETS** word nie aangedui vir die behandeling van pasiënte met demensie-verwante psigose nie.

**Hiperglisemie en diabetes mellitus:**
Hiperglisemie, in sommige gevalle ekstreem en geassosieer met ketoasidose of hiperosmolêre koma of sterfte, mag voorkom in diabetiese pasiënte wie **ZOLANZ TABLETS** gebruik. Pasiënte met 'n gevestigde diagnose van diabetes mellitus en wie begin word op **ZOLANZ TABLETS**, moet gereeld gemoniteer word vir agteruitgang van glukosebeheer. Pasiënte wie simptome van hiperglisemie gedurende behandeling met **ZOLANZ TABLETS** ontwikkel, moet vastende bloedglukose-toetsing ondergaan.
Daar is 'n verhoogde voorkoms van diabetes mellitus onder pasiënte met skisofrenie. Hiperglisemie of verergering van voorafbestaande diabetes mellitus is aangemeld gedurende **ZOLANZ TABLETS** behandeling. In sommige gevalle is 'n voorafgaande toename in liggaamsgewig aangemeld, wat 'n faktor vir vatbaarheid mag wees. Toepaslike kliniese monitering is raadsaam in diabetiese pasiënte en in pasiënte met risikofaktore om diabetes mellitus te ontwikkel.

**Hiperprolaktinemie:**
**ZOLANZ TABLETS** verhoog prolaktienvlakke en 'n matige verhoging word volgehou gedurende chroniese toediening. 'n Toename in neoplasmas van die melkkliere is in knaagdiere gevind na chroniese toediening van antipsigotiese medisynes en daar word gereken dat dit deur prolaktien bemiddel word. Dit is onbekend wat die toepaslikheid op menslike risiko daarvan is dat prolaktienbemiddelde endokriene tumore in knaagdiere gevind is.

**Parkinson se siekte:**
**ZOLANZ TABLETS** word nie aanbeveel vir gebruik in pasiënte met Parkinson se siekte nie. Die gebruik van **ZOLANZ TABLETS** is gereeld geassosieer met verhoogde parkinsonismetekens en hallusinasies.

**Prostaatvergroting, nou-hoekgloukoom of paralitiese ileus en verwante toestande:**
Weens die anticholinergiese aktiwiteit van olansapien, word versigtigheid aanbeveel wanneer **ZOLANZ TABLETS** voorgeskryf word vir pasiënte met simptomatiese prostaatvergroting, nou-hoekgloukoom (kyk **KONTRA-INDIKASIES**) of paralitiese ileus en verwante toestande.

**Harttoestande:**
Olansapien is nie geëvalueer of in enige noemenswaardige mate gebruik in pasiënte met 'n onlangse geskiedenis van miokardiale infarksie of onstabiele hartsiekte nie. Weens die risiko van ortostatiese hipotensie of bradikardie met **ZOLANZ TABLETS**, moet sorg geneem word in hartpasiënte.

**Renale belemmering:**
(Kyk **Farmakokinetiese eienskappe**.)

**Gebruik in bejaardes:**
Daar was geen aanduiding van verskillende verdraagsaamheid vir **ZOLANZ TABLETS** in bejaardes in vergelyking met jonger volwassenes nie. Die teenwoordigheid van faktore wat farmakokinetiese opruiming mag verminder, of die farmakodinamiese respons op **ZOLANZ TABLETS** mag verhoog, moet nogtans daartoe lei dat 'n laer aanvangsdoserings oorweeg word. Periodieke meting van bloeddruk in pasiënte ouer as 65 jaar, word aanbeveel.

**Ortostatiese hipotensie:**
**ZOLANZ TABLETS** mag ortostatiese hipotensie geassosieer met duiseligheid, tagikardie en in sommige pasiënte, sinkopee, induseer, veral gedurende die aanvanklike behandelingstyd.

**Hematologie:**
Omsigtigheid word aanbeveel wanneer **ZOLANZ TABLETS** gebruik word:
- In pasiënte met lae leukosiet- en/of neutrofieltellings, weens enige rede.
- In pasiënte met 'n geskiedenis van medisyne-geïnduseerde beenmurgtoksisiteit.
- In pasiënte met beenmurgonderdrukking veroorsaak deur gelyktydige siekte, bestralingsterapie of chemoterapie.
- In pasiënte met hipereosinofiliese toestande of met miëloproliferatiewe siekte.

**Liggaamstemperatuurregulering:**
Ontwrigting van die vermoë van die liggaam om kernliggaamstemperatuur te verminder, is aan antipsigotiese middels toegeskryf. Toepaslike sorg word aangeraai wanneer **ZOLANZ TABLETS** vir pasiënte voorgeskryf word wie toestande sal ervaar wat die kernliggaamstemperatuur mag laat verhoog.

**Disfagie:**
Esofageale dismotiliteit en aspirasie is met olansapien geassosieer. **ZOLANZ TABLETS** moet dus versigtig in pasiënte met 'n risiko vir aspirasie-pneumonie gebruik word.

**Selfmoord:**
Die moontlikheid van selfmoordpoging is inherent aan skisofrenie en hoë-risiko pasiënte wie **ZOLANZ TABLETS** behandeling ontvang, moet deeglike gemoniteer word.

**Effek op die vermoë om te bestuur en masjinerie te gebruik:**
**ZOLANZ TABLETS** mag newe-effekte soos slaperigheid veroorsaak. Pasiënte moet daarteen gewaarsku word om 'n voertuig te bestuur of gevaarlike masjinerie te hanteer, totdat hulle seker is dat terapie met **ZOLANZ TABLETS** hulle nie nadelig beïnvloed nie.

**Laktosemonohidraat:**
**ZOLANZ TABLETS** bevat laktosemonohidraat (kyk **SAMESTELLING**). Pasiënte met skaars ooreflike probleme van galaktose-onverdraagsaamheid, Laplander-laktasetekort of glukose-galaktosewanabsorpsie, moet nie **ZOLANZ TABLETS** neem nie.

**INTERAKSIES**
- Sentrale effekte van ander SSS-onderdrukkers (insluitend alkohol) mag deur **ZOLANZ TABLETS** versterk word.
- **ZOLANZ TABLETS** mag die effek van levodopa en dopamienagoniste teenwerk, aangesien dit *in vitro* dopamienantagonisme vertoon.
- Wanneer **ZOLANZ TABLETS** in kombinasie met valproaat gegee word, mag neutropenie meer algemeen wees. Gebruik saam met valproaat of litium is geassosieer met 'n verhoogde voorkoms van tremor, droë mond, toename in aptyt en massatoename.
- **ZOLANZ TABLETS** mag die uitwerking van sekere antihipertensiewe middels versterk, omdat dit die potensiaal het om hipotensie te induseer.
- Versigtigheid moet aan die dag gelê word wanneer **ZOLANZ TABLETS** saam met ander medisynes wat bekend is dat dit QT-verlenging veroorsaak, gegee word, veral in bejaardes, in pasiënte met aangebore lang QT-sindroom, kongestiewe hartversaking, harthipertrofie, hipokalemie of hipomagnesemie.
- **ZOLANZ TABLETS** het $\alpha_1$-adrenergiese antagonisaktiwiteit. Pasiënte wie behandeling met medisinale produkte ontvang wat hulle bloeddruk deur meganismes anders as **$\alpha_1$**-adrenergiese antagonisme kan verlaag, moet versigtig wees.

***Potensiaal vir medisynes om ZOLANZ TABLETS te beïnvloed:***
- Enkeldosisse teensuurmiddel (aluminium, magnesium) of simetidien het nie die orale biobeskikbaarheid van olansapien beïnvloed nie.
- Die gelyktydige toediening van geaktiveerde houtskool het die biobeskikbaarheid van orale olansapien met 50 tot 60 % verlaag en moet ten minste 2 uur voor of na olansapien geneem word.
- Fluoksetien in kombinasie met **ZOLANZ TABLETS**, veroorsaak 'n toename in die maksimum konsentrasie van olansapien en 'n verlaging in die opruiming van olansapien. Die effek van herhaalde dosering van **ZOLANZ TABLETS** en hoër dosisse is nie geëvalueer nie. Kombinasieterapie word nie aanbeveel nie.

***Potensiële sitochroom P450 interaksies wat olansapien affekteer:***
Aangesien olansapien deur CYP1A2 gemetaboliseer word, mag middels wat hierdie isoënsiem spesifiek induseer of inhibeer die farmakokinetika van **ZOLANZ TABLETS** affekteer.

***Induksie van CYP1A2:***
Die metabolisme van olansapien mag geïnduseer word indien terselfdertyd gerook word, of met gelyktydige terapie met karbamasepien, omeprasool, of rifampisien, wat daarna effens tot matige laer plasmavlakke van **ZOLANZ TABLETS** kan veroorsaak. Kliniese monitering word aanbeveel en 'n verhoging van die dosis **ZOLANZ TABLETS** mag oorweeg word, indien nodig.

***Inhibisie van CYP1A2:***
Bekende sterk inhibeerders van CYP1A2 aktiwiteit mag die opruiming van olansapien verlaag. Dit is aangetoon dat fluvoksamien, 'n spesifieke CYP1A2 inhibeerder, die metabolisme van olansapien beduidend inhibeer. Die gemiddelde toename in olansapien se oppervlak onder die kurwe (AUC) was 52 % en 108 % onderskeidelik in vroulike nie-rokers en manlike rokers. 'n Laer aanvangsdosis van **ZOLANZ TABLETS** moet oorweeg word in pasiënte wie fluvoksamien of enige ander CYP1A2 inhibeerders, soos siprofloksasien of ketokonasool gebruik. 'n Verlaging in die dosis van **ZOLANZ TABLETS** moet oorweeg word wanneer behandeling met 'n inhibeerder van CYP1A2 geïnisieer word.

***Potensiaal van ZOLANZ TABLETS om ander medisynes te affekteer:***
Olansapien mag die uitwerking van direkte en indirekte dopamienagoniste antagoniseer. In kliniese proewe met enkel dosisse olansapien, was geen inhibisie van die metabolisme van imipramien, desipramien, warfarien, teofillien of diasepaam sigbaar nie. Olansapien vertoon geen interaksie wanneer dit saam met biperideen toegedien word nie. Olansapien vertoon min potensiaal om sitochroom P450 isosieme CYP1A2, CYP2C9, CYP2C19, CYP2D6 en CYP3A4 in menslike lewermikrosome te inhibeer.
Valproaat verminder die plasmakonsentrasie van olansapien, soos bevat in **ZOLANZ TABLETS**.

**SWANGERSKAP EN BORSVOEDING**
Veiligheid van **ZOLANZ TABLETS** tydens swangerskap en borsvoeding is nie bepaal nie.
Olansapien word in borsmelk uitgeskei. Borsvoeding gedurende behandeling met **ZOLANZ TABLETS** word nie aanbeveel nie.

**DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS**
**ZOLANZ TABLETS** moet een keer per dag met of sonder kos toegedien word.
Voortsetting teen die laagste dosis wat nodig is om remissie in stand te hou, word aanbeveel vir pasiënte wat reageer op behandeling. Pasiënte moet periodiek herassesseer word om te bepaal of instandhoudingsbehandeling nodig is.

**Psigotiese steurings:**
Die aanvanklike dosis is 5 tot 10 mg per dag, met 'n teikendosis van 10 mg per dag binne 'n paar dae. Teneinde effektiwiteit te evalueer en newe-effekte te voorkom, moet verhoging van die dosis nie binne die eerste week van terapie oorweeg word nie, aangesien dit ongeveer een week neem om gelykvlaktoestande te bereik. Die dosis wissel van **5 mg to**t 20 mg per dag as 'n enkele daaglikse dosis. Dit word aanbeveel dat die dosis slegs bo 10 mg per dag verhoog word n**á**dat gepaste kliniese assessering uitgevoer is.

**Akute manie in bipolêre steuring:**
**ZOLANZ TABLETS** moet een keer per dag gegee word, met 'n aanbevole dosis van 10 mg. Dosisaanpassings binne die dosisreikwydte van 5 mg tot 20 mg per dag, indien aangedui, moet gewoonlik met intervalle van nie minder nie as 24 uur plaasvind.

**Voorkoming van terugvalle van manie in bipolêre steuring:**
Die aanbevole aanvanklike dosis is 10 mg per dag. Vir pasiënte wie **ZOLANZ TABLETS** vir behandeling van maniese episode ontvang het, gaan voort met terapie teen dieselfde dosis om terugval te voorkom. Dit word aanbeveel dat die dosis slegs bo 10 mg verhoog word na toepaslike kliniese assessering en moet gewoonlik plaasvind met tussenposes van nie minder nie as 24 uur. Die veiligheid van dosisse bo 20 mg per dag is nie bepaal nie. Dit moet oorweeg word om die dosis geleidelik af te skaal wanneer **ZOLANZ TABLETS** gestaak word (kyk **WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS**).

**NEWE-EFFEKTE**
**Bloed- en die limfsisteemversteurings:**
*Minder dikwels:* Leukopenie, neutropenie, eosinofilie, agranulositose.
*Frekwensie onbekend:* Trombositopenie.

**Immuunsisteemversteurings:**
*Frekwensie onbekend:* Allergiese reaksie, anafilaktoïede reaksie, angio-edeem, gesigsedeem.

**Metabolisme en voedingsversteurings:**
*Dikwels:* Perifere edeem.
*Minder dikwels:* Verergering van diabetes.
*Frekwensie onbekend:* Glukosurie, diabetiese koma, diabetiese ketoasidose, hipercholesterolemie, hiperglisemie, hipertrigliseridemie, watervergiftiging.

**Psigiatriese steurings:**
*Dikwels:* Persoonlikheidsteuring, veranderings van bui of geestestoestand, amnesie, angstigheid, euforie, vyandigheid, senuweeagtigheid, hallusinasies.
*Minder dikwels:* Slaperigheid, apatie, verwarring, slaaploosheid, hakkel.

**Senuweesisteemversteurings:**
*Dikwels:* Prikkelbaarheid, akatisie, duiseligheid, parkinsonisme, diskinesie (insluitend bukkoglossale sindroom, choreo-atetose), distonie, residuele effekte (insluitend bewegingsteuring), mioklonus, spiertrekkings, trae diskinese, tremor, sinkopee.
*Minder dikwels:* Toevalle, hoofpyn, spraaksteuring, parestesie, neuroleptiese maligne sindroom (kyk **WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS**), abnormale loopgang, hipertonie.

**Oogversteurings:**
*Minder dikwels:* Abnormale visie.
*Frekwensie onbekend:* Diplopie.

**Kardiale versteurings:**
*Minder dikwels:* Bradikardie, tagikardie, QTc-verlenging.
*Frekwensie onbekend:* Ventrikul**ê**re ekstrasistole, palpitasies.

**Vaskulêre versteurings:**
*Dikwels:* Ortostatiese hipotensie, hipertensie.
*Frekwensie onbekend:* Veneuse trombo-embolisme (insluitend pulmonêre embolisme en diepvenatrombose).

**Respiratoriese, torakale en mediastinale versteurings:**
*Minder dikwels:* Faringitis, toename in hoes, pneumonie.
*Frekwensie onbekend:* Dispnee, rinitis.

**Gastro-intestinale versteurings:**
*Dikwels:* Hardlywigheid, droë mond, verhoogde aptyt.
*Minder dikwels:* Dispepsie, buikpyn, naarheid (dosisverwant), braking.
*Frekwensie onbekend:* Pankreatitis, verhoogde speekselafskeiding, dors.

**Hepatobilière versteurings:**
*Minder dikwels:* Hepatitis, geelsug.

**Vel- en subkutaneweefselversteurings:**
*Minder dikwels:* Uitslag, aknee, droë vel, alopesie, fotosensitiwiteit.
*Frekwensie onbekend:* Veluitslag, pruritus, urtikarie, sweting.

**Muskuloskeletale, bindweefsel- en skeletbeenversteurings:**
*Frekwensie onbekend:* Rabdomiolise, gewrigspyn.

**Nier- en urienwegversteurings:**
*Minder dikwels:* Urieninkontinensie.

**Reproduktiewe sisteem- en borsversteurings:**
*Dikwels:* Vaginitis, hiperprolaktinemie.
*Minder dikwels:* Dismenorree.
*Frekwensie onbekend:* Priapisme, menstruele veranderings, verlaagde libido, galaktorree.

**Algemene versteurings en toestande by die plek van toediening:**
*Dikwels:* Massatoename, koors, borskaspyn, griepagtige simptome.
*Minder dikwels:* Astenie, massaverlies, pyn in ekstremiteite.
*Frekwensie onbekend:* Stakingsreaksie (cholinergiese sindroom).

**Ondersoeke:**
*Dikwels:* Verhoogde prolaktien, verhoogde ALT/SGPT, verhoogde AST/SGOT.
*Minder dikwels:* Verhoogde ALP (alkaliese fosfatase), verhoogde bilirubien.

**BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VIR DIE BEHANDELING DAARVAN**
**Tekens en simptome:**
Simptome wat baie algemeen aangemeld is na oordosering met **ZOLANZ TABLETS** sluit in tagikardie, prikkelbaarheid, aggressiwiteit, disartrie, verskeie ekstrapiramidale simptome en 'n verlaagde bewussynsvlak, wat wissel van sedasie tot koma. Ander medies betekenisvolle gevolge van **ZOLANZ TABLETS** oordosis sluit in delirium, konvulsie, moontlike neuroleptiese kwaadaardige sindroom, respiratoriese onderdrukking, aspirasie, hipertensie of hipotensie, kardiale disritmieë en kardiopulmonêre stilstand. Noodlottige uitkomste is aangemeld vir akute oordosisse van so laag as 450 mg, maar dit is ook aangemeld dat 'n akute oordosis van 1 500 mg oorleef is.

**Behandeling:**
Die moontlikheid dat verskeie medisynes betrokke is, moet oorweeg word. In die geval van akute oordosering, vestig en handhaaf 'n lugweg, en verseker voldoende oksigenasie en ventilasie. Gastriese spoeling (na intubasie, indien 'n pasiënt bewusteloos is) en toediening van geaktiveerde houtskool saam met 'n lakseermiddel, moet oorweeg word. Die moontlikheid van van afstomping, toevalle of distoniese reaksie van die kop en nek na oordosering, veroorsaak dat daar 'n risiko vir aspirasie met geïnduseerde emese mag wees. Kardiovaskulêre monitering behoort onmiddellik te begin en behoort volgehoue elektrokardiografiese monitering in te sluit om moontlike disritmieë waar te neem.
Daar is geen spesifieke teenmiddel vir **ZOLANZ TABLETS** nie, gevolglik moet gepaste simptomatiese en ondersteunende maatreëls ingestel word. Hipotensie en ineenstorting van sirkulasie moet met die gepaste maatreëls behandel word, soos intraveneuse vloeistowwe en/of simpatomimetiese middels. Induksie van emese word nie aanbeveel nie. Moet nie epinefrien (adrenalien), dopamien of ander simpatomimetika met β-agonis aktiwiteit gebruik nie, aangesien β-stimulasie die hipotensie mag vererger in die opset van olansapien-geïnduseerde α-blokkade.
Streng mediese toesig en monitering is nodig totdat die pasiënt herstel het.
Olansapien (soos **ZOLANZ TABLETS**) word nie deur hemodialise verwyder nie.

**IDENTIFIKASIE**
**ZOLANZ 5 TABLETS:** Wit tot naaswit, ronde, bikonvekse, filmbedekte tablet, met "ZP29" aan die een kant ingepers en glad aan die ander kant.
**ZOLANZ 10 TABLETS:** Wit tot naaswit, ronde, bikonvekse, filmbedekte tablet, met "ZP31" aan die een kant ingepers en glad aan die ander kant.

**AANBIEDING**
**ZOLANZ TABLETS** word verpak in aluminium/aluminium foeliestulpstroke met 14 tablette elk. Verpakkingsgroottes is 14 (1 stulpstrook per buitenste karton) of 28 (2 stulpstroke per buitenste karton).

**BERGINGSINSTRUKSIES**
Bêre by of onder 25 °C.
Beskerm teen lig en vog.
Hou stulpstroke in die buitenste karton tot nodig vir gebruik.
HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

**REGISTRASIENOMMERS**
**ZOLANZ 5 TABLETS:** 43/2.6.5/0666
**ZOLANZ 10 TABLETS:** 43/2.6.5/0667

**NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT**
Zydus Healthcare SA (Pty) Ltd.
Southdowns Office Park,
Gebou B, Grondvloer,
Kareestraat 22,
Centurion 0157

**DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE VOUBILJET**
11 Junie 2015

2053783

**SCHEDULING STATUS**

S5

**PROPRIETARY NAMES AND DOSAGE FORMS**
**ZOLANZ 5 TABLETS** (film coated tablets)
**ZOLANZ 10 TABLETS** (film coated tablets)

**COMPOSITION**
**Active ingredient:**
Each tablet contains 5 mg or 10 mg olanzapine respectively.
**Inactive ingredients:**
Crospovidone, hypromellose, lactose monohydrate, magnesium stearate and Opadry White (containing lecithin, talcum, titanium oxide and xanthan gum).
Contains sugar: lactose monohydrate.

**PHARMACOLOGICAL CLASSIFICATION**
A 2.6.5 Tranquillisers - miscellaneous structures.

**PHARMACOLOGICAL ACTION**
**Pharmacodynamic properties:**
